Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

18 Februarie 2022

OMSENDSKRYWE NO 5 VAN 2022

Geagte Ouers en voogde

Die Interhoër-atletiekbyeenkoms is die hoogtepunt op die atletiekkalender en vind op Dinsdag, 22 Februarie, by ons skool plaas. Die skole teen wie ons gaan deelneem is: H/s Hartbeespoort, Curro Roodeplaat, F H Odendaal, Eduplex, Die Wilgers, Langenhoven en Willowridge. Die byeenkoms begin reeds om 8:00 en ons het toestemming by die Gautengse Onderwysdepartement verkry om die skool vir die res van die leerders te sluit vir die dag.

TOEGANG:

- Toegangsgelde vir ouers is R10 per persoon (betaalbaar by die hek) en dit sluit die program in.
- Daar is parkering op die hokkieveld teen R20 per voertuig.

LET WEL: Geen leerder wat nie ’n atleet, of ’n helper of ’n VLR/Tuineraad is, sal by die skool toegelaat word nie. Ons moet steeds gehoor gee aan COVID protokol.

Let op na die volgende reëlings:

ATLETE-

- Alle atlete moet reeds om **07:00** bymekaar kom by **Tuine se gazebo** (By die krieketnette).
- Elke atleet moet onthou om ’n goeie ontbyt te nuttig en moet self sorg vir etes.

Die volgende kosstalletjies sal tydens die byeenkoms beskikbaar wees:

- Chip n Dip,
- Mini Doughnuts,
- Hamburgers,
- Shaved Ice,
- Koffie waentjie
- Worsrolletjies (snoepie)
- Pasteie (snoepie)
- Koeldrank en lekkers (snoepie).

Al die atlete MOET by ons afgebakende gebied sit, sodat hul deurentyd afgemerk en gekontroleer kan word vir die onderskeie items. Hul sportsakke en persoonlike besittings kan ook daar gebêre word**. Die atlete moet asseblief die korrekte atletiekdrag aanhê**. Dit sluit die nuwe atletiekfrokkie in met ’n loslit broek of swart ski pant.

Tuineraad-

- Die Tuineraad moet reeds om **06:30** by die **Marabu** aanmeld geklee in hul Akademiese drag.

VLR en Korvee:

- Die VLR en korvee moet reeds om **06:30** by die Marabu aanmeld geklee in ’n Blou denim, Loslit hemp en tekkies.

PA-EN SEUN AAND:

Dit vind plaas op Donderdag, 3 Maart. Meer besonderhede sal volgende week gegee word.

JUNIOR STADSRAAD VAN PRETORIA:

Baie geluk aan Jeané Badenhorst (Gr. 10) wat verkies is as die JSVP-verteenwoordiger. Die ander JSVP-verteenwoordigers is Abulele Mbiza (Gr. 11) en Haily- Jade Watkins (Gr. 12).

SELFOONBELEID:

Ons vra dat ouers asb. kennis neem van die onderstaande bylaag wat deel vorm van ons Selfoonbeleid. Leerders sal elk ook ’n kopie ontvang, wat deur die ouer asook die leerder onderteken moet word en teen **Woensdag, 23 Februarie** by die voogonderwyser ingehandig moet word.

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

BYLAAG A:

Toestemming van Ouer vir Leerder om sellulêre fone en/of ander elektroniese apparaat na die skool en amptelike skoolfunksies/aktiwiteite te bring.

Hiermee verleen ek, ouer..... (naam en van) toestemming dat my kind ..... (naam van leerder) in Graad .....die volgende selfoon/ elektroniese apparaat skool toe mag neem en ingevolge Hoërskool Tuine se selfoonbeleid mag gebruik:

Fabrikaat van foon/apparaat: .....

Reeksnommer: .....

Selfoon no.: .....

Hiermee verklaar ek en my kind dat ons kennis neem van die inhoud van die selfoonbeleid en dit verstaan.

.....	.....
HANDTEKENING: OUER	HANDTEKENING: LEERDER
DATUM:	DATUM: .....

Nota: Daar moet vir elke leerder wat 'n selfoon het/sal gebruik in 'n huisgesin 'n afsonderlike vorm ingevul word. Hierdie vorm moet geliasseer word op die leerder se persoonlike lêer.